



Kymchi, Soju en Samgyupsal.

Ons besoek toe op 'n tipiese Koreaanse restaurant, duidelik herkenbaar aan die gebrek aan stoele en die kindertuintafeltjies waarby mens moet aansit. Of is dalk aanlê?

Ons trek almal ons skoene uit en los dit naby die deur.

Ek kyk rond en merk daar eenkant is wel 'n paar normale tafels vir abnormale gaste soos ek. Mense uit die Weste. Maar my maats wil niks weet nie, in Rome maak jy maar soos die Romeine. Ek syg toe maar met die bewegings van 'n knielende kameel na benede. Eers die een knie, toe die ander een. Ek probeer my bene invou en kruis soos in my kinderdae. Skeur amper 'n kniesening. Ek besef my Joga vooruitsigte is ook verby.

Toe onthou ek daai foto's uit die boere-oorlog en ek neem dooierus op een elmboog. Bene so half onder die dwergtafeltjie in. Stamp teen iets hard. Ingebou in elke tafel, is 'n gasstofie of twee. Als deel van die ondervinding om Koreaans te eet. Mens maak van die disse self gaar. Soos die beeslewer wat rou aangedra word as deel van die reeks voorgeregte. Lyk of die manne my wil beïndruk want omtrent als wat die plek aanbied, word daar van bestel. Ek probeer altyd rasideel dink en optree in sulke gevalle deur te probeer onthou of daar op eie bodem nie iets soortgelyks gedoen of geëet word nie.

Ek gril tot in my tone, maar hou maar aan kou en sluk dit af...

Maar ai, rou lewer! Ralph en meneer Yoo val weg en elkeen eet klaptong daarvan. Ek huiwer eers. Maar is dit nie een van ons eie jagter rituele nie? Moet groentjie dan nie juis 'n stukkie warm rou lewer van sy eerste bok uitsny en eet nie, net daar in die veld. Met daardie morele ondersteuning en motivering, vat ek die kleinste stukkie op die bord.

Ek gril tot in my tone, maar hou maar aan kou en sluk dit af met 'n glasie Soju.

Twee eerstes vir my, Soju en rou lewer. Sal ek nie dan net daar sien hoe die meeste van die groep hulle tafelfstudies aansteek en die stukkie lewer eers bietjie braai nie! So dit was net vir my onthalwe so geëet.



As beloning kry ek toe my eerste proe aan *Kymchi* en *Samgyupsal* (Sam – Djip -Sal). Tot vandag toe nog een van my van my mees gesogte disse. *Kymchi* is 'n tipe van 'n gepekelde Sjinese kool. Sulke lang lobbe. Op die tradisionele manier word die kool gewoonlik vir 'n jaar of langer in sulke groot erde pottes van by die half meter hoog ingelê en verseël, dik van die rissies en geil van die knoffel. Die pottes word dan begrawe en eers na 'n jaar weer uitgehaal. Die rooi van die rissie trek dan goed in en die brandsmaak is eeffe kwaai aan die pikante kant van die skaal om dit lig te stel. Ek is gek daarvoor.

Samgyupsal beteken letterlik *drie lae spek* in Koreaans. Hierdie gesogte varkvlies wat hulle sonder spesery verouder, word saam met eksotiese sampioene, knoffel en natuurlik *Kymchi*, voorgesit. Jy braai dit self op die tafel voor jou. Die bykos is gewoonlik hope groen slaablare van verskillende soorte waarin mens dan die stukkie vark toedraai alvorens jy dit in die mond stop. Elke mondvul word gevolg deur 'n sopie Soju

Soju is niks anders nie as hoë oktaan mampoer wat van rys gemaak word. Daar is baie duidelik ook olie in want ek het gevind mens se gewigte en skarniere kraak ook somer baie minder na so 'n paar sopies van die spierwit medisyne. Blink gedrink is ons toe meer as gereed vir die karaoke wat nog voorlê.



Uit die Taalskatkis..



C. J. Langenhoven gesegdes

Omdat die luitaard gisteraand nie moeg was nie, het hy vannag nie gerus nie en daarom is hy vanmore nog lui.



Die waarheid is so kosbaar dat ons hom almal graag wil hê en almal suinig is om hom af te staan.

Soek die soort geluk wat ander met jou kan deel. Dis maar 'n simpele soort geluk wat 'n hoender het as hy met 'n stuk stingel van die druiwetros die loop moet neem.



Die duiwel probeer nie om goeie mense te verlei nie. Hy weet nie waar om hulle te kry nie.



Dis amazing hoe musiek mens kan wegvoer na ander plekke. Soos as 'n Kurt Darren liedjie in Spar speel, ry ek Checkers toe!

Uit die Wakis



Die Volkspeleboek

Dit is in 1961 gepubliseer met note en woorde en bewegings daarby. Die oupas en oumas het dit ook by die Kerk jeugvereniging (KJA) en by die Voortrekkers en volksfeeste gespeel. Dit is nou afgesien daarvan dat Volkspeler laers bestaan met 'n konstitusie en met vasgestelde drag. Selfs vandag nog is daar laers met nefies en niggies wat met mekaar speel. Daar is 84 speletjies met musiek en choreografie.



Die groepie hier bo is akteurs wat gekostumeer en afgerig is vir 'n SATV-program.

My vader was 'n trekker en 'n trekker was hy,

sy pyp en sy twaksak die hang aan sy sy;

en 'n blesbokvel broek en 'n perdestert hoed,

dit was sy besit van al sy geld en sy goed....



Weet jy wat beteken:

- ntarra (gebruik die klap van jou tong)
- kop toe vat
- nxa!
- Vedala?



Hierdie is een van die antwoorde

•BAKKIESBOEK

BAKKERASIES

(Vinniges uit vuiskboek)

Nagklubs is weer oop! Probleem is dat slegs mense wat inge-ent is, word toegelaat



- (Uga Carlini het die volgende opgesit)

Wie blaas die winde op hul baan?

Kan oseane ook gaan staan?
 Wie knoop die sterre tot 'n kruis?
 Sal skulpe elders anders ruis?
 Kry wolke seer wat skielik val?
 Het hobbelpers ook 'n stal?
 Wie knip die kleed vir Tafelberg?
 Kan vredesduifies hul vererg?
 Kan eendagmooi ook langer hou?
 Trou jakkals wél met wolf se vrou?
 Wat is dit wat die mantis bid?
 Kan slange knak en regop sit?
 Ek is nie meer 'n kindjie klein,
 want vragies hou my hart onrein
 en neem van my die amen-sê
 waarin ons rus en vrede lê.

Hennie Aucamp: Teen Latenstyd

**Wat doen mens as jy
jou skoonma mis?**

**Raak rustig, haal asem
en skiet weer...**



STUUR VIR
ONS JOU EIE
JUWEELTJIES
WAT JY DALK
AL TEËGEKOM
UIT JOU
BAKKIESBOEK
LEWE!

Forwarded

Wanneer die kelner die hele spyskaart uitlees asook die daaglikse wenner, en jy weet jy gaan die hoender kry!



Giggels



Wat's die verskil tussen 'n goeie sekretaresse en 'n BAIE goeie sekretaresse?
 'n Goeie sekretaresse sê: "Goeie môre, Meneer!"
 'n Baie goeie sekretaresse sê: "Goeiste, Meneer, dis al môre!"

Seuntjie aan ma:
 "Ek wil graag 'n boetie hê vir Kersfees"
 Ma: "Daar is te min tyd daarvoor my kind.
 Seuntjie: "Maak dan soos Pappa en sit meer manne op die job!!!!



Antwoorde (bl3): Klaptong Afrikaans!

ntarra (vertroetel; aanmoedig) (Oranjerivierafrikaans)

kop toe vat (ernstig opneem) (Oranjerivierafrikaans en Standaardafrikaans)

nxa! (goed; cool; lekker) (Oranjerivierafrikaans)

vedala (nie na wense nie) (Kaaps)

'n Vlaamse insig in ons Afrikaner Kultuur.

Linda en Paul Kestens het in 1980 in Suid Afrika geland en het afgetree in Onrusrivier.

Linda vertel hoe die dinge wat ons doen, gelyk het vir 'n inkommer uit België.



Deftig aangetrek en baie nuuskierig is ek op pad na my eerste VLU (Vroue Landbou Unie) vergadering.

Met die instap by die kerksaal, sien ek 'n lang tafel volgepak met allerlei handwerk, konfyte, ingelegde vrugte en soutterte. Almal het toe soutterte gebak, dit was voor die dae van quiche.

Na gebed en verskonings, was die verwelkoming van nuwe lede.

My naam word ook uitgeroep maar ek mis dit amper.

In België behou die vrou gewoonlik haar van.

Kestens is nou my nuwe getroude van vir die res van my lewe.

Linda Heymans is op die rak gebêre, behalwe as ek reis oor die waters.

Dit bring nogal 'n identiteitskrisis en ek moes maar oefen om die nuwe handtekening onder die knie te kry.

Ek het verseker baie geleer by die VLU, selfs 'n prys losgeslaan vir my pardoemskoek. 'n Koek wat sy naam daaraan ontleen dat dit met doftware plof soos koeëls in die stof in jou maag beland.

Ek het baie geleer en ook weer vergeet maar het wel goeie vriendskappe gemaak by die VLU byeenkomste.

By een van die VLU vergaderings ontmoet ek Susan Mellet, soos hulle sê, 'n vrou mooi van binne en van buite. Haar man was die bestuurder van die destydse aartappelraad, geleë net buite Lydenburg op die Longtom pas. Met die geboorte van hul seun wou ek baie graag my gelukwense deur middel van 'n kaartjie stuur.

By die boekwinkel sien ek op die rak vele kaartjies met uitgebreide christelike boodskappe, omdat ek my boodskap kort en eenvoudig wil hou, koop ek 'n "innige simpatie" kaartjie en stuur dit saam met 'n vriendin wat werk by die aartappelraad.

Oeps, later hoor ek dit was 'n groot blaps!

In Vlaams beteken sympathiek - byvoeglijk naamwoord - dit werk opbeurend vir die ander persoon.

Iets prettigs om mee te maken, aangenaam, leuk.

Voorbeeld:

Hij is een sympathieke kerel.

Hij kreeg geen sympathiek gehoor.

Het was een sympathiek verjaarsdagpartytje.

Groete,

Linda

Terloops, daardie einste seuntjie Jakkie Mellet, is deesdae dié aartappelmoerkweker van Mpumalanga en hy was 2010 finalis van 'Manlief van die jaar'. Ook 2017 derde finalis van die 'Mongol Derby'. Jakkie het alles behalwe 'n 'innige simpatie' kaartjie nodig gehad!

Boemerang Boertjie

Ray Theron skryf van daar doer onder



Wyn en WYN!

Toe ek nog in Melbourne gewoon het, is ek eendag aan Shane voorgestel. Nee, dis nie sy regte naam nie, maar hy is net so stereotipies soos die naam wat ek hom gegee het.

Ewenwel, dié Shane is so na aan 'n karikatuur as wat 'n regte mens kan kom. Hy het 'n Holden Monaro besit, het aljimmers 'n moulose t-hemp gedra, het die Oslandvlag op sy regterskouer getatoeëer gehad en het nes Crocodile Dundee of Steve Irwin geklink, of net so naelkrap op 'n mens se oordromme soos Shane Warne.

Op sy ander skouerknop het hy die Eureka-vlag gehad. Dis nou soos die Ossie-weergawe van die Vierkleur in Suid-Afrika, of die Confederate-vlag in Amerika. Dié kêrel het my sommer dadelik 'n gly aan hom laat vang toe sy eerste woorde aan my is dat die Wallabies op hul slegste beter as die Springbokke op hul beste is. En dat alles Oslands *ipso facto* die beste ter wêreld is. O, en Breaker Morant is een van sy grootste helde.

Eendag kuier hy by ons aan huis (hy was 'n ou vriend van my Ossie vrou) en die gesprek gaan draai by wyn. Nee, verkondig die lummel, kyk, die allerbeste wyn kom van hier af. Die beste van die wêreld is asynwater by vergelyking, teem hy. En net daar besluit ek om dié drekvogel 'n les te leer.

Terwyl ek in die kombuis besig is, hoor ek die moegoe tekere gaan.....

Goed, sê ek, kom ons toets jou stelling. Ek het 'n paar bottels Suid-Afrikaanse wyn saamgebring, en ons het 'n \$50 bottel Suid-Australiese wyn as trougeskenk gekry (my Ossie vrou het toevallig nie wyn gedrink nie). Dink jy, vra ek hom, jy sal die verskil kan proe?

Jafel lag hom slap. Natuurlik!

Gaaf, sê ek, wag jy hier en ek gaan haal die bottels.

So gesê, so gedaan. Ek los die mater in die eetkamer terwyl ek in die kombuis gou 'n bruin papiersak oor elke bottel trek – die duur Oswyn, sowel as die nie so duur nie Saffa wyn. Terwyl ek in die kombuis besig is, hoor ek die moegoe tekere gaan oor hoe wonderlik Osland se wyne is – "simply unbeatable!", of iets in dier voege.

Ek gryp twee wynglase en stap die eetkamer binne. Skink 'n halwe glas wyn in elk en sit die twee glase, en die bottels waaruit hulle geskink is, voor sy hoogvaardigheid neer.

OK, proe! Sê ek.

Jafel proe, eers die een en toe die ander.

En toe? Vra ek. Hy skreefoog my aan, lig een van die glase omhoog en verklaar dat dit die beste wyn is wat hy in sy dag des lewens geproe het. Kan net Australies wees, verklaar hy, want die smaak, die boeket, die watookal is net te goed om enigiets anders as Australië se allerbeste te wees.

Is jy seker?

O, ja!

Ek wag 'n oomblik, en lig dan die papiersak van die bottel wat hy so opgehemel het. En daar, in die helder lig van die eetkamer, staan 'n bottel Tassenberg voor hom!

Vreemd genoeg het ons daarna vir goed 'n jaar lank niks van Shane gesien nie!



Spreekkamer-Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



Dokters se handskrif is berug onleesbaar, wat waarskynlik aanleiding gegee het tot die volgende storie: Daar word vertel van 'n pasiënt wat sy dokter se voor-skrif in sy sak gestee het en aanvanklik daarvan vergeet het. In die loop van die volgende 25 jaar het hy twee maal gratis op 'n treinreis gegaan, een keer verniet by Nuweland ingekom, 'n week siekteverlof gekry (Sun City toe gegaan), en toe sy dogter dit uiteindelik ontdek het, het sy dit op die klavier gespeel en 'n musiekbeurs gewen

Prof. Andries Brink, bekende oud-dekaan van Stellenbosch se Mediese Fakulteit, vertel die storie van die huis-hulp wat deur sy eggenote ontslaan is omdat haar werk nie na wense was nie. Die vrou gaan doen toe aansoek om staatshulp en vertel by die kantoor dat sy swanger is. Om



hierdie stelling te staaf, presenteer sy die volgende "sertifikaat":
Wieta is swanger, maar dis nog so klein dat net 'n perfesser dit kan voel. Geteken: Andries Brink

"Perfesser" Brink het later die

briefie van die distriksgeneesheer terugontvang.

Boskappers Koos en Santie daag by die dokter op en vra dat Koos 'reggemaak' word.

Terwyl die dok die prosedure doen vra hy hoekom dan nou, na nege kinders, hulle uiteindelik besluit het om op te hou kinders kry.

Hulle verduidelik hulle het 'n artikel gelees wat meen dat een uit elke tien kinders wat in die VSA gebore word, Meksikaans is en nie een van hulle kan Spaans praat nie.

**Matilda Van der Merwe
NARKOTISEUR 1894**



KAMMAWÊRELD

The Matrix: Hoe werklik is ons werklikheid? deur Maryna Blomerus

In afwagting op die vrystelling van

"The Matrix: Resurrections" is dit dalk 'n goeie tyd vir 'n herevaluering van die ontwortelende vrae waarmee die eerste film in die kwartet ons in 1999 gekonfronteer het. Hoe kan ons weet dat ons wakker is en nie droom nie? Wat is werklik? Wat nie? Met die kyk van die film, destyds, het ons onself hierdie vrae minstens een keer afgepra. Sommige van ons het lank voor die film reeds daarvoor gewroeg.

"The Matrix" bied 'n antwoord wat 'n soort hedendaagse mite geword het, naamlik dat ons 'n rekenaarsimulasie bewoon. Daarvolgens het ons tegnologiese vooruitgang geboemerang en het ons die slawe van ons eie superslim masjiene geword, masjiene wat ons met het hul selfdienende wilskrag en superieure intellek in voedselbronne verander het terwyl ons ons lewens omslaap en die gefabriseerde werklikheid – The Matrix – waaraan ons gekoppel is, droom. Dit is 'n distopiese en skrikwekkende scenario wat elke dag minder absurd word.

As ons 'n droom deel, moet ons onself afvra of vrye wil wel bestaan en of ons besluite ooit ons eie is. As die noodlot egter nie bestaan nie en nog niks vasgestel is nie, is dit ons wat ons eie lot met ons besluite skep. Die vraag is dus belangrik.

"The Matrix" spreek ook die verhouding tussen kennis en geluk aan. Wanneer 'n handjievol karakters uit die simulase ontsnap en die werklikheid betree, vind hulle dit angswekkend. Dit stel die vraag hoe nuttig kennis regtig is as dit nie tot groter geluk lei nie. Meeste mense streef geluk immers na as die hoogste doel van die lewe.

In "The Matrix" kry die karakter, Cifra, toegang tot die waarheid, maar nadat hy uit die simulase breek, berou hy sy besluit en keer hy terug. Hy verkies die meer leefbare fantasie: die werklikheid mag jou bevry, maar dit maak jou ook misrabel.

Die filosofiese en eksistensiële dilemmas wat "The Matrix" blootlê, is veelvuldig. Hoe definieer jy 'werklik'? Laat Morpheus antwoord: as jy praat oor wat jy kan voel, ruik, proe, voel en sien, dan is werklikheid elektriese seine soos deur jou brein vertolk. Wat is die "Matrix" dan? Dit is die wêreld wat vir ons opgedis word om die werklike werklikheid te verdoesel. Dit lieg vir ons sintuie: dit is nie werklik nie.

Kan ons ooit weet of ons in 'n rekenaarsimulasie woon? Ons sou nie uit ons heelal se natuurwette kon aflei op watter platform so 'n simulase bedryf word of raai wie ons vir watter rede sou wou simuleer nie, want die basiswerklikheid mag op elke denkbare opsig van ons s'n verskil. Wat ons egter wel kan uitwerk, is dat ons nie die basiswerklikheid direk beleef nie.

Filosowe soos Plato (427 – 347 v.C.), René Descartes (1596–1650), Biskop George Berkeley (1685 – 1753), Immanuel Kant (1724 – 1804) en andere het sonder die voordeel van modern wetenskap tot die logiese gevolgtrekking gekom wat "The Matrix" ons probeer vertel: ons sintuie bedrieg ons liederlik.

Vandag het ons meer as net gesonde verstand om lig op die raaisel te werp. Ons kan 'n kersie by veral kwantumeganika gaan opsteek. Wat ons daar vind, is verrassend baie ondersteuning vir die idee van 'n gesimuleerde heelal. Daar bestaan egter ook geldige argumente teen die hipotese.

In die volgende klompie uitgawes van Kammanuus gaan ons met behulp van beide logika en hoofstroomwetenskap die argumente vir en teen die simulasihipotese in die weegskaal plaas en kyk wat die meeste gewig dra. Dalk word ons wêreldbeskouings radikaal uitgedaag en laat dit ons 'n kopskuif maak. En dalk nie. Maar kom ons stop nie voordat ons ons op die rand van alle sekerheid bevind nie, want miskien vind ons dáár 'n veel meer bevredigend en samehangend verduideliking vir als.

Tot volgende keer.



Briewebus:



Skryf gerus as jy iets op die hart het



Liewe lesers, kom ons kyk of ons vir Linda kan help met haar navraag – Red.



Terloops julle, die stamboek afdeling van Onsdorp is amper weer in werking!

Gaan kyk gerus op www.onsdorp.com en klik op **STAMBOOM** as jy jou eie van wil navors of kontak wil maak met ander wat aan dieselfde van werk, wil opsoek.

Agteros

-kort voor slaaptyd

Stories uit Dana Snyman se boek *Uit die binneland* – uitgegee deur NB uitgewers

JIMMY



Ek het Jimmy nou die dag weer gesien. Na hoeveel jaar. Ou Jimmy met die rooi hare en die baie sproete. Hulle, hy en sy ma en sy pa, was eens op 'n tyd ons bure op een van die baie do, waar ek kind was. Hulle het ook in 'n rooibaksteen huis gewoon maar hulle s'n was meer verwaarloos as ons s'n. Die dak het afgedop, die visdam was droog en hul foksterrier se bolle het die grasperk vol gelê. Teen die hekkie het 'n bordjie met skewe letters gehang: geen bedelaars of Jehova Getuies hier welkom nie. Jimmy se pa het die bordjie gevef en daar vasgemaak. Maar Jimmy se pa was byna nooit by die huis nie want hy was 'n recce in die army. Hy was pal in Ovamboland of in Angola of plekke waarvan ons nie mag geweet het nie. "My pa gaan vir my 'n Kubaan se oor bring." Ek hoor nog Jimmy . stem. "Wat hy waar kry?" "By 'n Kubaan, natuurlik. Stupid. As hulle die Kubane in Angola skiet, sny hulle hul ore af." "Genuine? Hoe weet jy?" "My pa het so 'n oor in sy wallet." Jimmy het graag met sy pa gespog. Hoe sy pa 'n jagmes —ons het dit 'n dagger genoem — op 20 meter in 'n boom se stam kan in peck, nes Clive in die flik Kaptein Caprivi. Hoe sy pa vyf minute sonder asem onder die water kan bly en hoe hy nes 'n Boesman kan spoorsny. Party keer het Jimmy die showcase in hul sitkamer oopgesluit en sy pa se armymedaljes vir my gewys: sulke goues met bont linte aan. In een hoek van die vertrek, langs 'n Pilot-radiogram, het 'n blink-gevryfde patroondop gestaan. Skuins bokant die patroondop het 'n foto van Jimmy se pa in sy recce-uniform gehang.

Scheme jy hy't vir jou 'n Kubaan se oor gebring, Jimmy?"

Party kinders het Jimmy gespot en gesê sy pa het hom met nat beesmis gegooi. Toe keer sy ma met die sif. Dis waarom by so baie sproete het. Elke middag het ons saam van die skool af huis toe gery, ek met my Chopper en Jimmy met sy gaar Hercules dikwiël. Een middag onthou ek beter as die ander. "My pa het vanoggend met die Flossie van die grens of gekom. Kom ons gaan sê vir hom hallo." Sy stem die ene trots. "Scheme jy hy't vir jou 'n Kubaan se oor gebring, Jimmy?"

"Kom ons gaan check.

Eintlik onthou ek te veel van daardie middag. Jimmy-hulle se voordeur was oop en in die sitkamer het 'n bruin armytrommel op die vloer gestaan. Op die trommel het 'n masjiengeweer, 'n RI, gelê. En op die koffietafeltjie was drankbottel, halfvol.. op die mat 'n gebreekte glas, wat iemand teen die muur moes stukkend gegooi het want langs Jimmy se pa se foto was 'n nat donker vlek.

Jimmy se ma het met rooi oë, die bank gesit.

"Waar's Pa, hê, Ma?"

"Waar dink jy is hy?" Jimmy se ma het met 'n sakdoek oor haar wang gevryf.

Jimmy het by die voordeur uitgestap en weer op sy fiets geklim. In die moerbeiboom voor die venster het die vinke geraas en hul vlerke geklap. Dit was simpel van my, ek weet, om daardie middag agter Jimmy aan te ry: op in Eugene Maraisstraat, regs in Voortrekker, tot by die hotel in die middeldorp.

Ons het ons fietse teen die muur gestut, onder die Bar/Kroeg-teken. Die hotel was vir ons verbode, maar een van die kroeg se venters was oop. Jimmy het op sy tone voor die venter gun sta., ek 'n entjie agter hom.

Twee mans het pyltjies gespeel. By die toonbank het 'n ander man met 'n army-T-shirt gesit.

Of nee, hy het nie gesit nie, hy het gelê met sy kop op sy arms. Dit was Jimmy se pa, met 'n leë glas voor hom op die toonbank.

"Pa!" het Jimmy geroep. "Pa!"

Sy pa het nie geroer nie. "Pa-ha!"

Een van die mans by die pyltjiebord het nader gestap. -Wat's dit met jou. Boetie?"

"Sal oom nie seblief my pa vir my roep nie?" Die man het aan Jimmy se pa se skouer gaan ruk. Maar Jimmy se pa het nie regop gekom nie. Nie dadelik nie. En toe by eindelijk sy kop oplig, was sy oë wild. Hy het die glas gelig en 'n sluk gevat, al was die glas al leeg. Toe het hy opgestaan en venster. gestap, na ons toe. stadig, asof sy bene enige oomblik onder hom kan meegee.

Sy pa het vorentoe gekom, wiegend op sy bene.

Wie's jou pa, hê?

Ek is niemand se pa nie, oukei?

Jy ken my nie.

Jy en jou ma ken my nie.

Loop!

Skiederril!

Jy't niks hier verloor nie! Toe het hy omgedraai. Ek het 'n ent agter Jimmy gery. Die hele pad wou ek iets sê vir hom. maar ek het nie geweet wat nie. By ons huis het ek hom gegroet en afgedraai. Maar by het nie teruggegroet nie. Dinge was van daardie middag of nie meer dieselfde tussen my en Jimmy nie. Hy het nie meer smiddae vir my by die fietsloods gewag nie en wanneer ek vir hom gewag het, het hy net stil langs my huis toe gery. En wanneer ek hom gevra het om by my te kom speel het hy altyd die een of ander verskoning gehad. Jimmy het my begin vermy. Aan die einde van daardie jaar het ons na 'n ander dorp toe getrek.

Toe, nou die dag, hou ek by 'n verkeerslig in die stad stil en daar, tussen die twee rye motors, staan Jimmy. Ek het eers 'n bietjie getwyfel maar daardie rooikop en sproete was syne. Ek weet nie of by my ook herken het nie want toe ek by hom verbyry, het hy omgedraai en my agterna gekyk. In die truspieëltjie kon ek duidelik die woorde op die plakkaat in sy hande lees: *Geen geld. Geen werk. Help asb.*



KAMMANUUS VERSKYN WEER VOLGENDE MAAND